

25 April

Skrifgedeelte: Markus 13:1-13 (OAV)

**Die boustene van die Messiaanse ryk is nie simbole nie, maar
nuutgemaakte mense**

Simbole het waarde, maar nooit mag dit die grond van geloof word nie. Die dissipels wie se toekomsverwagting gerig was op die tempel, leer in hierdie verse dat die reuse stene van die tempel in die komende ryk van die Messias, die gewig van strooi het. Die tempel in Jerusalem sou nie, soos hulle verwag het, die middelpunt van die komende ryk wees nie. Die tempel sou inteendeel met die grond gelykgemaak word. Die komende ryk vind sy vastigheid nie in uiterlike dinge nie. Hierdie uitspraak van Jesus oor die tempel ruk ook aan ons eie ankers en sekerhede. Hoe graag wil ons nie ons vertrouwe vestig op kerke of tradisies of mense nie. Maar as ons ons sekerheid vir die toekoms daarin probeer soek, staan ons ook met strooihalms in ons hande.

In vers 5-13 leer Jesus die dissipels dan oor hierdie nuwe ryk. Eers waarsku Hy dat baie sal kom met 'n valse toekomsbeeld en sal hulle voordoen as volgelinge van Christus. Hierdie valse verwagtinge sal baie mense mislei. Die koninkryk word gebore in 'n deurmekaar wêreld. Oorloë, opstande, aardbewings en hongersnood is niks anders as die geboortepyne van hierdie nuwe ryk nie. Midde in hierdie ontwrigting sal die vastigheid van die koninkryk dan nie uiterlike dinge wees nie, maar die werk wat die Messias self in mense verrig. Ons sien daarom God se toekoms, die toekoms van die Messiaanse ryk, in wat ons self beleef. En wat is dit dan wat ons as gelowiges in ons moet raaksien? Vervolging ter wille van die evangelie! Vervolging omdat die evangelie, Jesus Christus en sy wil, deur ons woorde en ons werke weerklink. Maar vervolging ook sodat die evangelie deur ons al verder, selfs tot in die hoogste howe van die wêreld, kan weerklink. Sien daarom in mense se volharding in die evangelie die werk van die verhoogde Messias, die groei van die Messiasryk! Wees self voluit deel daarvan!

Sing: Skrifberyming 24:6,7

Ds BC Smit (Brits-Wes)